

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

ds. PJ Kriel

19.03.2107

Inhoud. Hierdie preek wys dat dit die goedheid van God is wat vir ons die geleentheid skep om vir mekaar goed te wees. Christus se kruisiging draai ons vervloeking na Hom en sy seën na ons. So leef ons elke dag in en uit die goedheid van God vir ons. Omdat ons in Christus ingesluit is, meet ons ons liefde vir mekaar met die evangelie, die kruis van Christus. Ons meet mekaar se liefde nie meer met die wet nie. Ons meet nie die liefde wat ons gee met die liefde wat ons by medegelowiges kry nie. Ons meet die liefde wat ons gee en die liefde wat ons by mekaar kry met die liefde van God waarin ons leef. Daarom kan ons nou mekaar se laste dra wanneer ons in sonde val en sonde nie meer gebruik as 'n rede hoekom ons ons self moeg maak om vir mekaar goed te wees en vir mekaar goed te doen nie.

Liturgie 1. Ps. 146 1, 4, 6

2. Evangelielesing: Filippense 3: 3 – 12. Lied 493 verse 1 en 6;

3. Nuwe wetslesing Gal 5: 13 – 25. Lied 511 1 en 2;

4. Lied 523: 1 en 4.

Skriflesing Galasiërs 3:10 – 14, 6:1 – 16. Romeine 8: 1 en 2;

Teks Galasiërs 6: 10 Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges. NAV Daarom: Laat ons dan terwyl ons die geleentheid het aan almal goed doen, veral aan ons geloofsgenote.

Tema. Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus.

1. Paulus stel in hierdie gedeelte dat ons as gelowiges die geleentheid het om aan mekaar goed te doen. Die rede hoekom ons die geleentheid het om aan mekaar te kan goed doen, is die kruis van die Here.

Die kruis van Christus gee aan ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen.

Hoe ons ons hierdie geleentheid om aan mekaar te kan goed doen, weer opneem is deur ons verbintenis aan die wet van Christus. Dit is volgens die wet van Christus dat ons altyd weer liefde gee en in liefde leef.

2. Moeg om goed te doen!

Die aanwys van die geleentheid om vir mekaar goed te wees en aan mekaar goed te doen, staan teenoor die algemene gesindheid in die gemeentes van Galasië.

Moeg om goed te doen!

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Dit is die dreigende houding en gevoel in die gemeentes in Galasië wat Paulus hier aanspreek. Daarom roep hy hulle op in vers 9 om nie moeg te word nie. Hierdie mense is moeg om goed te doen. Dit is die onderliggende gevoel in gemeënte.

Die las wat hierdie moegheid oor hulle bring is volgens 6 vers 1 die las van die ander gemeentelide se sonde. Om vir mense goed te doen, maak jou moeg want jou goedheid vir hulle eindig elke keer in die las dat hulle, terwyl jy vir hulle goed is, sonde doen.

Omdat hulle goed doen eindig in die las dat mense met hul goedheid sonde doen, voel hulle daar is eintlik nie meer geleenthede om vir mekaar goed te wees nie. Daar is nie meer geleenthede waar jou goedheid aan ander goed afloop of goeie gevolge het nie.

3. Waar kom hierdie lewensmoegheid vandaan?

Paulus wys dit uit – elkeen moet sy eie dade ondersoek om te bepaal of dit goed is en elkeen moet rekenskap gee oor wat hy doen.

Hoe moet jy hierdie dade ondersoek en van rekenskap gee? Met watter maatstaf meet jy jou en jou medegelowiges se dade?

Dit stel die werklike rede vir die gevoel van moegheid aan die orde in hierdie vraag: meet jy ander met die wet van Moses of die kruis van Christus?

Ons moet die kontras raaksien tussen die wet wat in 6 vers 2 genoem word die wet van Christus en dit wat in 6 vers 13 genoem word “die wet van Moses.” Die wet van Moses is vir die Joodse geestelikes die maatstaf waarmee hulle dade ondersoek en van rekenskap eis. Die wet van Christus werk heeltemal anders. Dit is nie die manier waarop gelowiges hul en ander se dade ondersoek en rekenskap van eis nie. Hierdie ondersoek doen hulle met die kruis van Christus

Die lewensmoegheid om nie meer vir ander goed te wil wees nie, kom uit die maatstaf wat in 6 vers 13 genoem word “die wet van Moses.” Mense kom tot die gevolgtrekking dat dit jou net moeg maak om vir ander goed te doen omdat hulle hul self en ander se dade meet aan dit wat Paulus noem – die wet van Moses.

4. Hoe meet hierdie wet van Moses die goedheid wat jy aan ander mense doen?

Die wet van Moses meet goeie dade só: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Daarom moet ons ons nie met 6 vers 4 misgis nie. Om jou liefde vir jou naaste te vergelyk met die liefde wat jou naaste vir jou gee, is hoe die wet van Moses werk. Jy moet jou naaste soos jou self en hulle moet jou soos hul self liefhê.

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Die wet van Moses vergelyk liefde met liefde! Dit vergelyk liefde wat gegee word met die liefde wat ontvang moet word.

Hierdie vergelyking van my liefde met hulle liefde word deur Paulus in hierdie hoofstuk in vers 12 genoem – om uiterlik 'n goeie indruk te maak. Dit was die liefde waarmee die Joodse Christene besig was en wat hulle ook die oortuiging gegee het dat heiden wat tot geloof gekom het, moet gedoop en besny word, net soos hulle.

In vers 13 word gestel dat hierdie vergelyking van liefde met liefde se doel is om te kan roem oor uiterlike dinge.

5. Wat is hierdie uiterlike dinge wat die wet van Moses en waarin die Joodse Christene wil roem?

Ons het dit in die Skriflesing van Filippense 3 vers 1 en 6 gesien: uiterlike dinge is die liefde waardeur mense volgens God se wet reg en goed wil wees vir mekaar. Dit is hierdie wet wat so werk wat vir jou wys hoe mense sonde doen met die goedheid wat jy aan hulle bewys.

Daarom is uiterlike dinge om jou eie en ander se liefde met God se wet te meet, en dan te besluit of hierdie liefde goed is of sleg is. Dit is hierdie meting van die liefde wat ek gee in verhouding tot die liefde van ander wat die gelowiges lewensmoeg gemaak het om vir ander goed te wees. Dit is die meting van jou goeie dade met die sondes wat ander met jou goedheid doen.

Ons ken hierdie meting maar al te goed en ons ken ook die uitkomst wat hierdie meting vir ons wys, maar al te goed.

Wat word van die goedheid wat ek aan my kinders bewys?

Ek doen goed aan hulle soos ouers aan kinders goed doen met sorg en liefde. Met die fyn kuns wat die Here al uitgewys het dat ek weet hoe om my eie slegtheid so te bestuur dat ek vir my kinders goed is al is ek sleg.

Wat word van al die goedheid wat ek op hierdie wyse aan hulle bewys?

Dit eindig gewoonlik in die teleurstelling van verspeelde geleenthede. Ek skep geleenthede deur liefde en harde werk, en hulle verspeel die geleenthede met wangedrag, losbandigheid en ligsinnigheid. Terwyl hulle hierdie geleenthede wat my goedheid vir hulle skep verspeel, maak hul baie keer my uit as die rede vir hulle ongelukkigheid en probleme met hul self.

So eindig my goedheid wat ek bewys in verspeelde geleenthede en verwyte.

Dit gebeur ook tussen man en vrou!

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Al die liefde en toewyding wat ek gee om 'n belegging te maak in ons verhouding met mekaar versand in kleinlikhede, selfbehepthede een sommer net stompsinnige eiesinnighede. Al die geleenthede wat ek met my goedheid skep verdwyn in hierdie houdinge as verspeelde geleenthede terwyl daar baie keer ook sommer 'n houding kom dat ek moet aanhou goed doen en goed wees, al word die geleenthede verspeel om in mekaar vervuld te wees.

Die dinge waarin ons wil roem volgens Paulus, is die geleenthede wat ons vir mekaar skep deur ons goedheid en liefde vir ander. Hierdie geloof in ons eie liefde en goedheid – is dit wat Paulus noem “die uiterlike dinge.”

Dit is hoe die lewe en die wêreld uiterlik lyk wanneer jy jou eie goeie daade vergelyk met die daade van jou naaste vir wie jy goed is. Ek probeer goed doen, en hulle verspeel dit met die sondes wat hulle doen.

6. Wie meet en sien mense só?

“Julle verspeel my goedheid met die sondes wat julle doen. Julle doen nie goed met die goedheid wat ek aan julle bewys nie. Julle maak my moeg om vir julle goed te wees, want met en deur my goedheid doen julle sonde.”

In Paulus se taal is dit die Joodse Christene van Jerusalem. In ons taal is dit die geestelikes van vandag.

Dit is hulle wat deur hul bekering volgens die wet en hul liefde hulle verhouding met God reg gemaak het. Dit is hulle wat vir ander 'n voorbeeld is oor hoe jy die Here moet vind: jy moet Hom koning maak, in jou lewe innooi en sy goddelike beeld na ander uitstraal.

Wanneer jy so oor jou self en die Here dink, dan wil jy op hierdie uiterlike roem: hoe jou liefde en die Here se liefde deur jou mense se lewens verander het; hoe jou liefde en die Here se liefde deur jou mense reg laat leef, mense maak wat die geleenthede van die lewe opneem en iets goeds daarvan maak; hoe jou liefde en die Here se liefde deur jou ander mense op die regte pad hou en van hulle beter mense maak.

En dan eindig al jou liefde en die liefde van die Here wat jy glo deur jou werk daarin dat hierdie mense in sonde val! Daarom voel sulke mense dat al hul goedheid kom tot niks nie want dit eindig net in een of ander sonde waarin hulle vir wie jy goed is verval – jy kinders, vrou, man, vriende, arbeiders en medelandgenote.

Met hierdie geesteshouding en met die maatstaf van die wet van Moses eindig elkeen elke keer in hierdie lewensuitkyk: ek is moeg om vir ander goed te wees, want my goedheid eindig altyd in een of ander sonde wat hulle doen.

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

7. Dit is teenoor hierdie geesteshouding en lewensuitkyk dat Paulus die oproep maak met 'n nuwe wet, die wet van Christus: dra mekaar se laste!

Hierdie eis gaan nie oor om aanhoudend of gereeld 'n bietjie welsynshulp aan jou naaste te gee nie: 'n bietjie kos, 'n bietjie geld, 'n bietjie vervoer, 'n bietjie huisvesting of 'n bietjie skuldafskrywing nie.

Hierdie eis gaan ook nie daaroor dat jy vir jou naaste se verantwoordelikhede aanspreeklikheid moet aanvaar nie. Daarom word in Gal. 6 vers 5 dit ook uitdruklik só gestel: “Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.”

Om aanspreeklikheid vir jou naaste se verantwoordelikhede te aanvaar is sonde. Dit is 'n magshouding dat jy vir hulle lewe kan instaan en hulle van jou afhanklik moet wees.

Dra mekaar se laste is die oproep om na 'n nuwe wet te luister – die wet van Christus. Daarom moet ons die hele sin lees om die oproep om mekaar se las te dra te kan ken en uitleef.

“Dra mekaar se laste en gee op hierdie manier uitvoering aan die wet van Christus”. Om mekaar se laste te dra is baie spesifiek die tipe gehoorsaamheid wat pas by die “wet van Christus” in teenstelling met die “wet van Moses”.

Die las wat ons vir mekaar dra gaan baie spesifiek oor wat ons met en vir mekaar doen wanneer die ander in sonde val. Dit gaan oor die las wat ek moet dra wanneer die medegelowige vir wie ek goed was en is, sonde doen in en met die goedheid wat ek aan hom of haar bewys het.

Daarom gaan “las dra” oor hoe dra ek die sondigheid waarmee mense vir wie ek goed is in sonde val. Dit gaan oor hoe dra ek die sondigheid waarmee ander in sonde val en hoe dra ek die verlies, die skade, die hartseer van sonde met die goedheid wat ek aan hulle bewys het.

Hierdie las is niks anders as die kruisdra waartoe die Here sy dissipels opgeroep het in Matteus 16 vers 24 nie: “Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en my volg”

Om mekaar se las te dra is deel van die gehoorsaamheid aan Christus wat die Here self beskryf as “kruisdra”.

8. Kruisdra is eerstens hoe die Here maak dat ons lewe en liefde vir God goed is. Kruisdra gaan eerstens oor die kruis wat die Here vir ons dra.

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Hoe die Here maak dat ons en ons medegelowiges altyd vir mekaar kan goed wees en goed doen, verkondig Paulus in Galasiërs 3 in ons gelese verse.

Christus het met sy kruisiging die vloek van ons sonde gedra. Ons word ingesluit in Christus se seën deur God die Vader omdat Hy ons vloek gedra het. Dit is hoe ons altyd deel is van die seën van God. Ons deel Christus se seën en Christus deel ons vloek vir ons sonde.

God se seën beteken dat Hy as God vir ons goed is en ons lewe en liefde vir Hom goed laat wees – deur ons sy kinders en nie sy slawe te laat wees nie. Hy laat ons lewe en liefde heilig en reg wees omdat Hy ons heilig en reg maak. (Gal. 4: 6)

Elke gelowige leef in hierdie magsdaad van God die Vader: Hy laat my in Christus vir Hom goed wees, my lewe en liefde maak Hy vir Hom goed en Hy sal altyd vir my goed wees. Hy maak my en my liefde regverdig vir Hom.

So? Hoekom doen ons as gelowiges goed? Hoekom is vir ons medegelowiges goed en doen ons vir hulle goed?

Paulus som dit in Romeine 14 vers “Wie is jy om oor iemand anders se bediende te oordeel? Sy eie werkgewer sal oordeel of hy goed doen of nie. Maar hy sal goed doen; daarvoor sal die Here sorg.” Die Here sorg deur Christus se kruisiging dat ons vir Hom goed is en goed doen, want Hy laat ons en ons lewe vir Hom goed wees in Christus: volkome heilig en regverdig. (Gal. 2: 16)

Gelowiges doen goed omdat God sorg dat hulle goed doen!

Christus maak ons dade, lewe en liefde met al ons gebreke en sondes vir Hom goed – ons doen goed omdat God vir ons so goed is. Omdat God sorg dat ons en ons medegelowiges se lewe en liefde vir Hom goed is, kan ons ons kruisdra. Hy dra ons kruis, die swaarkry van ons sonde sodat ons die sonder hierdie swaarkry vir sonde Hom en ons naaste kan lief hê.

9. Dit is Christus wat dit deur sy kruisiging vir ons moontlik maak om mekaar die kruis wat die Here van ons verwag om te dra, kan dra.

Want omdat Christus my kruis dra, meet ek nie meer liefde met liefde nie. Ek meet nie meer die liefde wat ek vir mense gee met die liefde wat hulle vir my moet gee nie. Ek meet my liefde en hulle liefde met die kruis van Christus.

Wie liefde vir mekaar met die kruis van Christus meet, ontdek dat God ons altyd seën en ons vir Hom goed maak, al doen ons sonde.

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Ek en my medegelowiges bly in die goedheid van God en Hy sal ons lewe vir Hom altyd goed en reg laat wees, al val ons in sonde! Om in sonde te val kan nie enige vloek weer of oor my of my medegelowiges bring nie. In en terwyl ons in sonde val bly ek wat deur hulle sonde swaarkry en hulle wat deur hul eie sonde swaarkry deel van die seën van Christus. Sy kruis neem alle vloek uit ons lewe weg.

Ons kan nooit oor mekaar 'n vloek bring nie, al val ons in sonde! God sal vir my goed bly al dra ek die skade van jou sonde wanneer ek vir jou goed is maar jy my goedheid gebruik om sonde te doen.

Wie liefde met die kruis van Christus meet, en nie met die liefde wat ek moet kry nie, kan die las wat ander se sonde oor hulle bring dra!

Omdat Hy al die swaarkry van ons sonde dra sodat ons nooit weer deur God swaar sal kry weens ons sonde nie, kan ons nou mekaar se laste te dra. Kan ons die swaarkry van ons naaste se sondigheid dra waar ons vir hulle goed is.

- Ons kan die skade wat hulle sonde doen met die geleenthede wat ons goedheid geskep het, dra.
- Ons kan die verlies van geleenthede wat hulle deur hulle sonde veroorsaak met die geleenthede wat ons goedheid geskep het, dra.
- Ons kan die hartseer oor die verlies en skade wat hulle sonde met die geleenthede wat ons goedheid vir mekaar geskep het, dra.

10. Wie so glo in die kruis van Christus en mekaar se liefde met die kruis van Christus meet, word deur die Here met 'n nuwe wet gelei – die wet van Christus!

Paulus stel hierdie verskil in Romein 8 vers 2 só: 'Die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee, het jou vry gemaak van die wet van sonde en dood.' Die wet waar jy jou liefde vergelyk met die liefde van hulle wat jy liefhet is die wet van sonde en dood. Dit is die wet waar jy moeg word omdat alles wat jy goed doen aan ander mense verspeel word deur hulle sonde.

Waar jy jou liefde se goedheid vergelyk met die liefde van ander, werk jy met 'n wet wat jou altyd sal laat sien dat jou goedheid op ander se sonde verspeel word.

Die wet van Christus werk anders.

Dit is die wet van Christus, die Tien gebooie, waaraan ek self verbind is terwyl ek liefde meet aan die kruis van Christus en nie aan die Tien Gebooie nie. Hier vergelyk jy nie jou liefde met die liefde van jou naaste nie, of hulle liefde met jou liefde nie, maar vergelyk jy jou en hulle liefde met die kruis van Christus!

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

11. Wanneer jy hierdie vergelyking maak, gaan 'n totaal nuwe wêreld met 'n totaal nuwe betekenis van die wet van die Here vir gelowiges oop!

- Die goedheid wat ek aan my medegelowiges bewys is omdat God vir my goed is en my vir geen sonde swaar laat kry nie. Ten spyte van elke en al my sonde bly God my seën: God bly altyd goed vir my al doen ek sonde.

Ek is nie goed en doen nie goed aan my medegelowiges omdat hulle goed word, beter word of reg leef deur my goedheid nie. Ek doen aan hulle goed omdat God my en hulle altyd seën. So as God my altyd seën, hoe kan ek dan voel dat ek moeg word om goed te doen?

Moeg word omdat my medegelowiges in sonde val? Al val ons in sonde bly God goed en seën ons.

Hoe kan God se goedheid my moeg maak om goed te doen?

- My eie lewe en liefde is alleen goed omdat God my, my lewe en my liefde reg maak en reg laat wees deur Jesus Christus.

Daarom is die goedheid wat ek aan my medegelowiges bewys nie my roem of eer nie, want in my self en deur my eie liefde is my goedheid nie werklik goed nie. God maak dit in Christus so. Ek maak dit nie met my liefde so nie.

Daarom bewys ons aan mekaar goedheid in die geloof dat die Here hierdie liefde van my aan jou sal seën, deur dit vir jou goed te maak en die kwaad in my liefde vir jou, vir jou ten goede sal keer.

As dit is hoe my goedheid vir jou goed is, hoe kan ek moeg word om goed te doen?

Hoe kan jou val in sonde my moeg maak om goed te doen as ek in myself nie goed is en kan wees maar dit net in en deur Christus vir jou is?

- Wanneer ons iemand se val in sonde vergelyk met die kruis van Christus, kom daar ook 'n heel nuwe insig in die lewe van ander in ons. Sien ek hulle val in sonde deur hulle val met my eie liefde te vergelyk of met die kruis van Christus?

Wanneer jy iemand se val in sonde met jou liefde en goedheid vergelyk dan is hulle val onverstaanbaar: hoe kan iemand vir wie jy so goed is so val en al die geleenthede van vervulde liefde verspeel?

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Dit is hoe ons op elke verspeelde goedheid en liefde van ander reageer! Onverstaanbaar! Onbegryplik! Dan probeer ons dit verstaanbaar maak deur iets slegs te soek in hulle verlede, hulle bedoelings of sommer by ons eie verlede en bedoelings. Want net slegtheid kan goedheid met slegtheid antwoord!

Wanneer jy iemand vir wie jy goed was se val vergelyk met die kruis en nie jou liefde nie, dan sien jy dit is net hoe die gewone lewe is: God is vir mense wat sonde doen, goed en bly vir hulle goed al doen hulle sonde. Dan begryp jy God se liefde en hoe God ons vir Hom goed maak.

- Wanneer jy iemand wat in sonde val met jou vir wie jy goed is se val in sonde met jou liefde vergelyk, dan sien jy altyd iemand wat nie jou liefde werd is nie.

Hoe kan jy goedheid gee wat met sonde verspeel word? Jy moet goed en liefhê wie dit eer en waardeer. Wat die geleenthede aangryp en vervul en nie verspeel nie.

Wanneer jy na die kruis kyk, sien jy in jou naaste iemand anders – jy sien iemand vir wie God sal sorg dat Hy goed sal doen. Want in God se goedheid sal Hy as Here weer sorg dat hierdie kind van Hom wat geval het vir Hom weer goed, reg en heilig is en weer sal goed doen.

Daarom kan 'n medegelowige se val in sonde, nooit die einde wees vir hom om goed te doen en goed te wees nie. In Christus rig God ons altyd weer op om weer goed te doen. My liefde eindig nie in sonde nie maar in die goedheid van God wat sorg dat hulle wat in sonde val Hom weer goed sal doen.

11. Daarom klink die wet van Christus só:

Moet nie liefde met liefde vergelyk nie. Vergelyk jou en ander se liefde met die kruis en wanneer jy so rekenskap van jou en hulle dade gee, dan sal jy altyd verbind bly tot die eis van liefde volgens die wet. Dan sal jy liefde kan bly gee waar mense met sonde die geleenthede wat jou liefde geskep het, verspeel het. Dan sal jy hierdie las kan dra terwyl jy liefhet!

Dra mekaar se laste!

Neem die geleentheid op om vir mekaar goed te wees, al val jy of jou medegelowige in sonde!

Kan u dink en aanvoel hoe angstig is hulle wat in sonde val dat hulle nou die goedheid wat jy aan hulle bewys het gaan verloor?

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Dra mekaar se laste!

Glo dat God hulle wat val weer goed sal laat doen omdat hulle nooit uit sy goedheid kan val nie. Moenie hulle aan die oordeel uitlewer dat hulle nie weer jou liefde kan kry want hulle is dit nie waardig nie.

Kan u dink hoe angstig is ons naaste wat in sonde val daarvoor dat hulle te sleg is om liefde en goedheid te kan ontvang?

Dra mekaar se laste!

Dra die las van die skade, verlies en hartseer van goedheid wat misbruik is sonder om moeg te word om goed te wees en goed te doen! Dit is die wet van Christus. Dra hierdie skade, verlies en hartseer in die geloof dat God jou nog steeds seën en hulle ook bly seën. Moenie iemand wat in sonde val sien as iemand in die vloek van God nie, buite die goedheid van God omdat hy in sonde geval het nie.

Kan u dink hoe angstig is hulle wat in sonde val oor hoe jy jou verlies, hartseer en skade sal gebruik om vir hulle sleg te wees en hulle ook deur god te vervloek?

Dra mekaar se laste!

Moet nie jou goedheid bewys met die roem dat jy goed is omdat jy reg is en reg doen en daarom mense wat val minag vir hulle val nie. Bewys jou goedheid in die sagmoedigheid dat dit net in Christus is wat jy self reg en goed is en nooit in jou self nie. Jou eie goedheid kan nooit in sig self reg en heilig wees nie. God maak dit vir jou en daarom ook vir jou naaste só!

Kan u dink hoeveel angs ons naaste het dat hulle nooit reg en goed kan wees soos jy nie?

Dra mekaar se laste!

Bewys jou goedheid en liefde aan hulle wat in sonde val met die selfbesef en innerlike oordeel in jouself, dat dit nie onverstaanbaar of onbegryplik is wat hulle doen of gedoen het nie. Doen dit met die selfbesef – ek kan net so maklik val, al doen ek so baie goed aan my naaste.

12. Wie in die kruis van Christus glo vir hom self en ander en deur die wet van Christus gelei word, kan nooit hierdie selfgemaakte moegheid glo nie: ek is nou moeg om vir ander goed te wees en goed te doen!

Want dit is al wat hierdie moegheid om goed te wees en goed te doen is, selfopgemaak! Selfopgemaak met die roem van die geestelikes van hierdie wêreld: ons doen goed en ander verspeel ons goedheid met hulle sonde!

Die kruis van Christus gee ons die geleentheid om aan mekaar goed te doen volgens die wet van Christus

Selfoggemaakte moegheid omdat ons die liefde wat ons gee en die liefde wat met sonde verspeel word, meet met die wet van Moses en nie met die kruis van Christus nie!

Elkeen wat liefde wat gegee word en met sonde verspeel word, meet met die kruis van Christus, sien weer en weer die geleentheid om vir mekaar goed te wees.

Goed te wees omdat God vir ons seën al doen ons sonde.

Goed te wees in die geloof dat God my daad goed laat wees vir Hom en my naaste.

Goed te wees vir ander wat ten spyte van my goedheid in sonde val.

Goed te wees in die geloof dat Hy hulle wat my liefde met sonde verspeel, weer uit sonde sal laat opstaan deur sy goedheid om vir Hom goed te wees.

Wie in hierdie geloof leef kan die wet van Christus gehoorsaam, dra mekaar se laste en hou aan om elke geleentheid op te neem as 'n geleentheid om goed te doen.